SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA

SARLNUUS SONDAG 27 JULIE 2003

U luister na amateurradiostasie ZS6SRL van die Suid-Afrikaanse Radioliga, die nasionale vereniging vir amateurradio in Suid- Afrika, met 'n nuusbulletin wat elke Sondag om 08:15 Sentraal Afrika Tyd (SAT) in Afrikaans en om 08:30 SAT in Engels uitgesaai word.

Hierdie bulletin is ook op die webwerf van die SARL by www.sarl.org.za en op pakketbulletinborde beskikbaar.

STIL SLEUTEL

OK Peter Warren ZD9BU/MM is onlangs in Walvisbaai aan kanker oorlede. Hy het tot onlangs in Kaapstad gewoon maar was meesal aktief vanaf die kreefskip waarvan hy die kaptein was en wat bedrywig was rondom Gougheiland, Nightingale en Inacessable eilande. Hy was 'n lid van die SARL.

Hy het gereeld moeite gedoen met die vervoer van onderdele, apparaat en antennas vir Radio-amateurs op Gough en Tristan da Cunha.

Ons innigste meegevoel gaan aan sy vrou Lynette en kinders. (ex ZS6PR)

POUSE

In die nuus vandag:

NARS OPE DAE

INLIGTING VAN KLUBS AANGEVRA

GEEN HAMNET BULLETIN OP 3 AUGUSTUS

SPESIALE VROUEDAGINTEGNET

VOORLOPIGE UITSLAE VAN DIE 2003 HF VELDDAG

UITSLAG VAN HAMNET GESIMULEERDE OEFENING

Bly ingeskakel vir meer besonderhede hieroor en ander nuusitems.

Besoek ook die SARL-webblad of skakel die SARL-kantoor wat vanaf 09:00 tot 13:00 op weeksdae oop is by telefoon 011 675-2393 vir inligting oor hoe om by die SARL aan te sluit, boekverkope en alle verwante amateurradio-aangeleenthede.

Die SARLnuusdiens nooi klubs en individue om nuus aangaande amateurradio op die webwerf van die SARL te plaas by www.sarl.org.za/newsinbox.asp nie later nie as die Donderdag wat die bulletin voorafgaan. Indien moontlik doen dit asb in Afrikaans sowel as Engels.

U luister na ZS6SRL.

Die nuus volg in besonderhede:

NARS OPE DAE.

Die Nasionale Amateurradiosentrum is al vanaf 7 Junie op die eerste Saterdag van elke maand oop. Dit word gedoen om AmateurRadio te bevorder en om die sentrum, soos wat oorspronklik beoog is, oop te stel vir algemene gebruik deur Amateurs en Klubs.

Die NARS sal vanaf 09:00 oop wees. Om en by 10:00 sal daar 'n gasspreker wees of sal daar 'n algemene bespreking plaasvind. Na dit afgehandel is, sal daar 'n sosiale geleentheid wees tot omtrent 11:30. Hierdie is ook 'n ideale geleentheid om QSL-kaarte af te haal aangesien Henk, ZS6ENK in die kantoor sal wees om van diens te wees. Daar kan ook van die geleentheid gebruik gemaak word om jou jaarlikse subskripsie te betaal.

Baie van ons maak gebruik van mobiele toerusting maar vind dit moeilik om sulke toerusting te monteer, weens 'n gebrek aan spasie. Kom demonstreer op Saterdagoggend 2 Augustus die vernuf wat jy aan die dag gelê het om die probleem in jou voertuig te oorbrug.

Saterdag 6 September sal opgeneem word deur 'n verspreider van toerusting wat wel bekend is onder amateurs. Dit sal 'n vraag en antwoordsessie wees oor hul toerusting en ook hoe om foute op te spoor en ander algemene inligting omtrent hulle radios. Vladimir en Phillip sal byderhand wees om van diens te wees.

Tony, ZS6CCD sal op Saterdag 4 Oktober in die oggend weereens een van sy suksesvolle wetenskaplesings lewer en sal later dieselfde aand 'n teleskoop byderhand hê om ons in te lig oor wat in ons hemelruim te siene is.

Saterdag 1 November is dit 'n projek (kit) oggend. Gilles ZR6GDC sal reël dat ons meer insig kan kry oor projekte wat beskikbaar is en hoe om hulle te bekom, te bou en in werking te stel.

Saterdag 6 Desember sal gewy word aan 'n familie-oggend met 'n bring en braai vir almal en pret vir die kinders. (ex ZS6BUU)

INLIGTING VAN KLUBS AANGEVRA

Om die databasis oor klubs op datum te bring benodig ons die volgende inligting. Stuur dit asseblief spoedig aan zs6phd@mweb.co.za: ? Naam van klub; ? Aantal klublede; ? Benaderde aantal klublede wat SARL-lede is; ? Huidige jaarlikse klubledegeld.

Kan u ook asb laat weet hoe u voel oor die PDF-formaat waarmee inligting aan klubs gestuur word. (ex ZS6PHD)

GEEN HAMNET BULLETIN OP 3 AUGUSTUS

Alle HAMNET-lede moet kennis neem dat daar weens die SARL-HF- kompetisie wat op 3 Augustus plaasvind geen HAMNET-bulletin sal wees nie. Hierdie boodskap is ook bedoel vir die HAMNET-lede wat nie oor e- pos beskik nie. Die bulletin vir Augustus sal dus op Sondag 10 Augustus gelees word op die gewone tyd van 16:30 SAT op 10,130 MHz en 7,070 MHz.

Voorspoed met die kompetisie. Aldus Francois ZS6BUU

SPESIALE VROUEDAG INTEGNET

'n Spesiale INTEGNET word beplan om vroue in amateurradio te vereer. Dit sal gehou word op Sondag 10 Augustus, die dag na die Nasionale Vrouedag. Amateurradio het onlangs onder groot kritiek van die adjunk-direkteurgeneraal van Departement van Kommunikasie deurgeloop oor die tekort aan betrokkenheid van vroue in Amateurradio.

Die Vrouedag INTEGNET sal na die huidige aktiwiteite kyk en nuwe geleenthede na spoor hoe om meer vroue betrokke te kry in die hoofstroomaktiwiteite van amateurradio. Klubs word uitgenooi om besonderhede van huidige aktiwiteite waar vroue betrokke is, te deel deur 'n e-pos aan armi@sarl.org.za te stuur. (ex ZS6AKV)

VOORLOPIGE UITSLAE VAN DIE 2003 HF VELDDAG

Hier is die voorlopige uitslae van die eerste been van die 2003 HF Velddagkompetisie.

1ste ZS6XT/P4 5 274 punte; 2de ZS6PTA/P 3 388 punte; 3de ZS5HAC/P 2 337 punte; 4de ZS1CT/P 1 769 punte; 5de ZS6SRC/P 1 112,5 punte; 6de ZS5ZLB/P 906 punte; 7de ZS6WR/P 714,5 punte.

Wel gedaan almal. Die tweede been van die 2003 HF Velddag vind oor die naweek van 8 en 9 November plaas. (ex ZS4BS)

UITSLAG VAN HAMNET GESIMULEERDE OEFENING

Die uitslag van die gesimuleerde Hamnetkompetisie wat op 13 April gehou was, is bekend gemaak.

Die indruk wat ons gekry het is dat die kompetisie deur almal baie geniet is en dat ons in ten minste een van ons doelstellings geslaag het en dit was om genotvolle kontak met almal te bevorder.

Dit wil voorkom dat ten minste 46 amateurs deelgeneem het aan die kompetisie maar slegs 14 logs is ingestuur as deelnemende logs en een log vir korrelasiedoeleindes. Wat ook die kompetisie meer interessant gemaak het was die deelname van 'n stasie vanaf Lesotho.

Die wenners is as volg:-

Enkeloperateur stilstaande voertuig 7P8BHF Martin; Enkeloperateur draagbaar ZS2AJ Andre; Multi-operateurs draagbaar ZS6DX Rudi; Enkeloperateur basisstasie ZS2U Al.

Die volledige lys van wenners sal later op die webwerf van die SARL gepubliseer word.

Ons gelukwense aan al die deelnemers. (ex ZS6BUU)

RADIOAMATEURSEKSAMEN- (RAE) DATUM EN SENTRUMS AANGEKONDIG

Die volgende geleentheid wat kandidate het om die RAE af te lê sal op 16 Oktober 2003 wees. Kandidate en klubs wat kursusse aanbied moet daarop let dat die sluitingsdatum vir inskrywings die 12de September 2003 is. Geen laatinskrywings sal aanvaar word nie.

Inskrywings moet op die voorgeskrewe vorms wees wat beskikbaar is vanaf die SARL-webblad by http://www.sarl.org.za. Die inskrywingsfooi van R250,00 moet die inskrywing vergesel. 'n Nuwe fasiliteit wat elektroniese inskrywing toelaat is nou beskikbaar op die SARL-webblad. Indien hierdie metode gebruik word moet die inskrywingsgeld die SARL se kantoor voor die sluitingsdatum bereik voordat die inskrywing aanvaar kan word.

Eksamens kan afgeneem word by die volgende standaard eksamensentra:

Bloemfontein; Durban; George; Johannesburg; Kaapstad; Kimberley; Nelspruit; Oos Londen; Pietermaritzburg; Polokwane; Port Elizabeth; Pretoria;

Elke eksamensentrum moet herregistreer. Elke eksamensentrum moet minstens twee eksamenopsigters aanwys wat lede van die SARL moet wees.

Alle navrae aangaande die RAE moet gerig word aan Peter Hers ZS6PHD by e-pos zs6phd@mweb .co.za of sel 083 445 4634

RAE: SANDTON AMATEURRADIOKLUB

Die volgende RAE-kursus wat deur die Sandton ARK aangebied word begin op Woensdag 6 Augustus. Lesings sal elke Woensdagaand gehou word by die Nasionale Amateurradiosentrum, Radiokop, Honeydew View vanaf 19:00 (7 nm).

Vir nadere besonderhede nader aub vir Graham Hartlett by 082 441 6989 of per e-pos by zs6gjh@icon.co.za. (ex ZS6PHD)

KLUBNUUS

Midlands amateurradioklub

Tydens hulle algemene jaarvergadering gehou op 16 Julie, het die Midlands Amateurradioklub van Pietermaritzburg die volgende lede tot hulle bestuur vir 2003/04 verkies:

```
Wessel,  ZS5BLY Voorsitter;
Robin,   ZS5MRS Sekretaris en Tesourier;
Bert,    ZS5MQ  Kluhuisbestuurder;
Charles, ZS5QR;
Chris,   ZS5CD;
John,    ZR5JPM.
```

Die verantwoordelikhede van Charles, Chris en John sal op die eerste komiteevergadering toegewys word. (ex ZS5BLY)

DATUMS OM TE ONTHOU

Die President se net vandag om 12:00 op 7,082 MHz;

SARL HF-FOON-kompetisie vind plaas op 3 Augustus vanaf 14:30 tot 18:30 SAT [neem kennis van die nuwe tye].

SWAZILAND OP DIE LUG: Rad ZS6RAD, Ron ZS5ABD, Cliff ZS6BOX en Willie ZS5WI sal 3DA0DX vanaf Swaziland bedryf vanaf 29 Julie tot 3 Augustus, albei dae ingesluit.

Die VLOOIMARK wat OP 2 AUGUSTUS gehou word by die MRK-klubhuis op die hoek van Breyer- en Millstraat in Waverley. Timmy ZS6TIM sal om 12:00 'n vendusie hou vir almal wat hulle goedere wil opsit. Die vlooimark begin 9:00. Lekker eet- en drinkgoed sal te koop aangebied word. Rigtingaanwysings sal op die 145,750 en 145,725 MHz herhalers beskikbaar wees.

Dit bring ons dan aan die einde van hierdie bulletin wat saamgestel is deur Gustav, ZS6BWN, en gelees is deur ……. vanuit …… as 'n diens aan radioamateurs, kortgolfluisteraars en elektronikaentoesiaste.

Die SARL nooi u ook om Sondae om 10:00 na Amateur Radio Mirror International op 17 815, 9 750 en 7 082 kHz en 145,625 MHz in die Oos Londen-, 145,650 in die Durban-, 145,750 MHz in die Pretoria- en 438,800 MHz in die Sandtongebied te luister. 'n Heruitsending kan Maandagaande om 21:00 SAT op 3 215 kHz gehoor word. ARMI word deur Telkom en Sentech geborg.

U het geluister na ZS6SRL, dankie dat u by ons aangesluit het. Baie dankie aan diegene wat items vir die bulletins verskaf en aan al die amateurs wat so gereëld die herleidings waarneem.

Hierdie Afrikaanse uitsending eindig nou en SARLNUUS wens u 'n aangename week toe.

Totsiens almal.

/EX